## P D van der Walt, BESTEK. LETTERKUNDIGE OPSTELLE. Kaapstad, Tafelberg-Uitgewers 1975. Prys: R6,75.

Die boekie bevat 'n samebundeling van 'n aantal referate en artikels wat elk "binne die een of ander bestek ontstaan en daar gefunksioneer het," en nou "in 'n nuwe bestek byeengebring is". Verskillende onderwerpe word hier aangesny, soos normatiwiteit in die kuns, Bybelvertaling en skoonheid van die Bybel, die werke van die Sestigers, Langenhoven, Elizabeth Eybers, Bertha Smit, verbonde literatuur in Afrikaans en die vryheid van die skrywer.

## Helmut Thielicke, DIE LEWE KAN WEER BEGIN. DIE BERGREDE VAN CHRISTUS. Kaapstad, Tafelberg-Uitgewers 1975. Prys: R4,85.

Hierdie vertaling deur prof Leendert Dekker van Thielicke se "Das Leben kann noch einmal beginnen" bevat "'n bundel sprankelende preke waarin die Bergrede van Christus stap vir stap behandel word en waaruit juis daardie blye boodskap van hoop straal waarna gelowiges en ongelowiges smag" (stofomslag).

## Helmut Thielicke, EN SÊ NOU GOD BESTAAN ...? Kaapstad, Tafelberg-Uitgewers 1974. Prys: R4,85.

'n Bundeling van die preke van Thielicke voor 'n bont gevarieerde gehoor waarin hy "aan die hand van Bybelfigure vir wie God 'n sekerheid geword het — Saggeüs, Petrus, Thomas e a — praat ..." en die mense stel "voor die uitdaging om dit met God te waag, om die risiko van die geloof te loop." Hierin word die "glans weerkaats van 'n nuwe lewe waarin ons weer kan glo, weer kan hoop en weer kan liefhê" (stofomslag). Die oorspronklike Duits onder die titel "Und wenn Gott wäre ..." is in Afrikaans vertaal deur Alba Bouwer.

## Denis de Rougemont, DIE AANDEEL VAN DIE DUIWEL. Kaapstad, Tafelberg-Uitgewers 1974. Prys: R4,85.

'n Afrikaanse bewerking en aantekeninge deur W A de Klerk van die oorspronklike "La part du Diable". In sy herkenbare gedaante en in sy vermommings word die Duiwel geteken in 'n aantal situasies "om die werklikheid van die Duiwel in die wêreld waarin ons vandag lewe met voorbeelde aan te toon. Sy liste word een vir een belig om die vyand te sien soos hy is, en sy mag te meet" (stofomslag).

## F E Deist, DIE WOORD IN BEWEGING. BYBELUITLEG VIR DIE MODERNE TYD. Kaapstad, Tafelberg-Uitgewers 1974.

In 'n inleidende hoofstuk gee Deist 'n oorsigtelike verloop van die opvattings oor die aard van die Bybelse boodskap deur die eeue. Daarna volg 'n twintigtal "oordenkings" wat op aktuele wyse aangebied word en wat telkens berus op deeglike ontleding van bepaalde Skrifgedeeltes. Deist toon homself as 'n baie verantwoordelike en nugter-gebalanseerde wetenskaplike én as iemand wat die huidige mens kan aanspreek

en die Woord van God in sy skerpte en in sy vertroosting kan laat spreek. 'n Mens mag wel van hom verskil: oor Gen 6 (bls 25 en vlg) is die laaste woord seker nog nie gespreek nie, oor die moontlike verband tussen die Hebreeuse Tehoom en Ti(h)amat (bls 13) is daar ook ander menings, en die *Sanskrit* op bls 50 sal waarskynlik wel 'n verskrywing wees — tog sê hy ook pragtige dinge wat 'n mens graag weer en weer sal wil lees.

## REFORMASIE EN REVOLUSIE. Potchefstroom, Instituut vir die Bevordering van die Calvinisme, PU vir CHO 1974. Prys R5,00.

'n Belangrike bundel opstelle oor die tema Reformasie-Revolusie, geskryf deur 'n aantal binne- en buitelandse geleerdes wat doelbewus probeer om antwoorde vir hierdie problematiek uit die Woord van God te vind. Die volgende onderwerpe word aangesny: Reformasie versus revolusie (prof L Floor), Reformasie en revolusie in die geskiedenis (dr P de Klerk), Kerk en samelewing (prof J A Heyns), Die nuwe teologiese hermeneutiek (prof H W Rossouw), De belijdenis in de crisis (prof A D R Polman), Revolusie in die etiek (prof S P van der Walt), Die derde wêreld (prof J H Coetzee), Vrede onder bedreiging van oorlog (ds J H van Wyk), Kontemporêre kultuur en kontra-kultuur (B J van der Walt), Denkproblematiek in kontemporêre musiek (J J Snyman), Universiteit, student en revolusie (prof S C W Duvenage), Letterkunde en revolusie (Berta Smit), Radikaaldenke (prof J A L Taljaard), Die psigoseksuele revolusie (prof T A van Dyk), Die antwoord van die Afrikaner op die huidige kulturele revolusie (prof W J de klerk), Kleding en ontkleding: modesimptome van 'n revolusionêre kultuur (dr M Elaine Botha), Renaissance en reformasie se revolusie in die wetenskappe (prof P G W du Plessis), 'n Grondslag vir maatskappy-kritiek? (prof W P Esterhuyse), Teling van die supermens (dr C J Reinecke), Die etiese aspekte van bevolkingsontploffing (prof B Duvenage), Die ekonomiese orde in die branding (prof W J Venter), Pollution (prof R P Moss), Pigment en proletariaat; die kleurvraagstuk in skrifbeligting (P J J S Potgieter), The post-Christian humanism of Karl Marx (Bernard Zylstra).

Hierdie publikasie moet as onontbeerlik beskou word in die huidige tydsgewrig. Verkrygbaar van die uitgewer (Direkteur I B C, P U vir C H O, Potchefstroom - 2520).

## Dr. D Kempff, A BIBLIOGRAPHY OF CALVINIANA 1959 - 1974. Wetenskaplike bydraes van die P U vir C H O, reeks F3 (I B C, Versamelwerke) nr 3, Potchefstroom 1975. Prys: R10,00.

Hierdie noodsaaklike aanvulling op vorige bibliografieë van Calvyn/Calviniana is gelyktydig ook uitgegee deur die Leidense uitgewer Brill in sy internasionale reeks Studies in Medieval and Reformation thought, vol XV. Dit bevat bibliografiese gegewens van werke oor Calvyn en sy reformatoriese geesgenote, Calvinisme, en die invloed van Calvyn en Calvinisme in verskillende lande. Meer as 3 000 inskrywings onder verskillende onderwerpshoofde is hier byeengebring, ook met verwysing na tydskrifte, verhandelinge en proefskrifte en versamelwerke. Die bibliografie het tot stand gekom met internasionale samewerking, en op die terrein van Calviniana moet hierdie werk van dr Kempff as 'n belangrike internasionale mylpaal gesien word. Vir die toekoms sal dit noodsaaklik wees om internasionale samewerking te

behou om die bibliografie steeds op datum te kry met die nodige aanvullings. Die verwagting is dat die aanvullings ook van tyd tot tyd in een of ander vorm gepubliseer sal word. Verkrygbaar van die uitgewer.

## Prof dr J D van der Vyver, MENSEREGTE. Potchefstroom, Instituut vir Bevordering van Calvinisme, P U vir C H O 1974.

Die brosjure is gemerk brosjure nr 6 in die brosjurereeks van die I B C. Die skrywer bespreek eers verskeie menseregteteorieë, waaronder ook die Calvinistiese teorieë en met name die van Dooyweerd en Hommes, en van Stoker. Daarna gee hy 'n oorsig oor die toepassing van die idee van menseregte in verskillende lande en in die Deklarasie van die V V O (1948) en in die Europese Konvensie (1953). Ten slotte bespreek hy die beskerming van menseregte in Suid-Afrika, met duidelike aanwysings van 'n poging om 'n perspektief op menseregte vanuit die beginsels van die Woord van God te verkry. Die brosjure is 'n samevatting van die skrywer se proefskrif "Die juridiese sin van die leerstuk van menseregte", Universiteit van Pretoria, 1973.